

# Profetiese of profyt-waarskuwings?

Publikasie: USB Agenda

Datum: April 2014

Wat is die tendense vir ekonomiese groei in 2014? Kan Groot Ondernemings die huidige uitdagings op hul eie aanpak? **Daniel Malan**, direkteur van die Sentrum vir Korporatiewe Bestuurstoesig in Afrika by die USB, stel ondersoek in.

In 'n brief wat by vanjaar se openingsessie van die Wêreld- Ekonomiese Forum in Davos-Klosters gelees is, het Pous Francis 'n beroep op deelnemers gedoen om te “verseker dat die mensdom deur welvaart gedien word en nie daardeur regeer word nie”. Hy het die wesenlike rol wat sakebedrywighede in die verbetering van mense se welstand speel – byvoorbeeld in gesondheidsorg, opvoeding en kommunikasie – geprys. Hy het ook gewaarsku dat die inagneming van die waardigheid van elke mens asook die samelewing “by tye voorkom asof dit niks meer as 'n nagedagte is nie”.

Pous Francis sê die volgende\* in 'n ander dokument: “Solank as wat die probleme van die armes nie radikaal opgelos word deur die absolute outonomie van markte en finansiële spekulasie te verwerp en die strukturele oorsake van ongelykheid aan te val nie, sal geen oplossing vir die wêreld se probleme, of trouens vir enige probleme, gevind word nie”.

Wat is hierdie probleme wat ons tans in die gesig staar? Die Wêreld- Ekonomiese Forum se netwerk van Globale Agenda-rade het 10 belangrike tendense uitgelig wat in 2014 'n impak op die wêreld sal hê (sien kassie). Dit is interessant om daarop te let dat die gebrek aan waardes in leierskap (nommer 7 op die lys) die onderbou blyk te wees van net mooi elke negatiewe tendens wat geïdentifiseer is.

Kommer oor die toenemende inkomsteverskille en klimaatsverandering kom nie net van die geloofsgebaseerde gemeenskappe nie; dit het ook hoofstroomkwessies in die sakegemeenskap geword. In die onlangse studie getiteld *UN Global Compact – Accenture CEO Study on Sustainability* (2013) het 67% van meer as 'n duisend uitvoerende hoofde van internasionale sakeondernemings die stelling verwerp dat die sakewêreld genoeg aandag skenk aan globale volhoubaarheidsuitdagings.

## WÊRELD- EKONOMIESE FORUM – GLOBALE TENDENSE VIR 2014

Top-tendense vir 2014	Punt
Toenemende samelewingspanning in die Midde-Ooste en Noord-Afrika	4.07
Toenemende ongelykheid in inkomste	4.02
Voortslepende strukturele werkloosheid	3.97
Kuberdreigemente wat ernstiger word	3.93
Geen optrede ten opsigte van klimaatsverandering	3.81
Minder vertrouwe in ekonomiese beleid	3.79
Gebrek aan waardes in leierskap	3.76
Middelklas in Asië wat al groter word	3.75
Toenemende belangrikheid van megastede	3.48
Vinnige aanlyn-verspreiding van verkeerde inligting	3.35

1.00 = Geensins belangrik nie, 2.00 = Nie baie belangrik nie, 3.00 = Ietwat belangrik, 4.00 = Baie belangrik, 5.00 = Uiters belangrik  
(Bron: World Economic Forum, Outlook on the Global Agenda 2014)

Die uitvoerende hoofde het sewe sleuteltemas uitgelig om volhoubare leierskap en hoë prestasie moontlik te maak (sien kassie). Hoewel al hierdie temas nuttig en opbouend is, is dit nie regtig iets nuut nie. Grondige redes vir volhoubaarheid is al vir baie jare op die agenda. Die studie van UN Global Compact – Accenture beweer dat “ons die begin van ’n samewerkings- en stelselsbenadering tot volhoubaarheid sien wat fokus op die impak wat sake kan maak”. Om so ’n stelling in 2013 te maak, gee gewig aan die menings van kritici soos die Franse filosoof Luc Ferry wat voorgestel het dat die konsep van volhoubaarheid meer bekorend as sinvol is. Hierdie bewerings, wat soortgelyk is aan Michael Porter se konsep van gedeelde waarde en wat in 2011 as die “groot idee” beskou is, ontken ’n lang geskiedenis van denke oor en bepleiting van volhoubare ontwikkeling. Dit blyk asof min mense aandag gegee het aan die beroep wat die voormalige Noorweegse premier Gro Harlem Brundtland in haar bekende 1987-verslag op die Verenigde Nasies gedoen het en waar die term “volhoubare ontwikkeling” sy ontstaan gekry het: “As ons nie daarin slaag om ons boodskap van dringendheid aan vandag se ouers en besluitnemers deur te gee nie, loop ons ’n risiko om ons kinders se basiese reg tot ’n omgewing wat gesond is en lewens verbeter, te ondermyn”.

Die belangrikste bevinding van die opname is dalk die erkenning dat groot ondernemings nie vandag se uitdagings op hul eie kan hanteer nie. Volgens Peter Lacy van Accenture dui die studie daarop dat “ondernemings dalk saam ’n plato in die bevordering van volhoubaarheid bereik het. Sonder radikale, strukturele veranderinge aan markte en stelsels glo uitvoerende hoofde dat die sakewêreld moontlik nie die pad na die toppunt van ’n volhoubare ekonomie kan aandui nie”. Altesaam 85% van uitvoerende hoofde dring byvoorbeeld aan op duideliker beleid en marktekens van regerings.

Daar is vandag talle voorbeelde van ondernemings wat beste praktyk in volhoubare ontwikkeling, goeie bestuurstoetsing en korporatiewe verantwoordelikheid demonstreer. Maar die term “beste praktyk” dui uiteraard op ’n minderheid. Hoewel lidmaatskap van die bestepraktyk-klub wel ’n mededingingsvoorsprong gee, doen dit weinig aan die sistemiese bedreiging van die globale ekonomie wat veroorsaak word deur die meerderheid ondernemings wat voortgaan met (onvolhoubare) sake soos gewoonlik. As uitvoerende hoofde van groot ondernemings meer regulasie versoek, doen hulle dit waarskynlik om die speelveld gelyk te maak. Strenger regulasie kan ’n nuwe normaal skep waar vandag se beste praktyk ’n vereiste op toegangsvlak is.

Met meer regulasie kan die konsep van volhoubaarheid dalk sy bekoring verloor, maar dit sal meer betekenis kry. ’n “Volhoubare” sakeonderneming kry dalk weer sy oorspronklike betekenis van ’n “lopende onderneming”, maar een waar genoegsame hulpbronne, wins en likiditeit geheel en al gekoppel is aan ’n onderneming se vermoë om die volhoubaarheidsuitdagings van 2014 en verder te antisipeer of om daarop te reageer.

Die beste pad vorentoe kan wees om prestasie deur regulasie te verhoog terwyl volhoubaarheidskwessies ten volle geïntegreer word om sakewaarde te skep. Dit kan dalk die enigste manier wees om te verseker dat die mensdom deur welvaart gedien word, eerder as om daardeur regeer te word.

\* [http://www.huffingtonpost.com/2013/11/26/pope-francis-evangelii-gaudium\\_n\\_4342964.html](http://www.huffingtonpost.com/2013/11/26/pope-francis-evangelii-gaudium_n_4342964.html), toegang verkry op 26 Februarie 2014

*Daniel Malan is die direkteur van die Sentrum vir Korporatiewe Gedragstoetsing by die USB en lid van die Wêreld-Ekonomiese Forum se Globale Agenda-raad oor Waardes.*

### **Belangrikste temas vir volhoubaarheid**

**Wees realisties** en verstaan die omvang van die probleem (en die geleentheid)

**Verstaan** groeigeleenthede – die dringendheid van die uitdagings skep geleenthede vir onderskeiding en toegang tot nuwe markte

**Meet** prestasie – die waarde van volhoubare sake moet gekwantifiseer word; dit kan nie deur tradisionele finansiële rekeningkunde bepaal word nie

**Innoveer** – die beperkings ten opsigte van hulpbronne en samelewingsdruk kan innovasie aanwakker en tot nuwe tegnologie lei

**Werk saam** – die impak van sake kan vergroot word deur vennootskappe met regerings, nieregeringsorganisasies en ander belangegroepe aan te gaan

**Neem deel** aan dialoog – eerlike, tweerigting-dialoog is ’n voorvereiste vir die vorige punt oor samewerking

**Lei** op ’n proaktiewe manier – hoewel die sakegemeenskap op sy eie ’n beperkte impak sal hê, sal voorspraak en die publiek se toewyding uiters belangrik wees vir vordering

Bron: UN Global Compact – Accenture CEO Study on Sustainability, 2013, bl. 13 – 14.